Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

1 Junie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Handelinge 20
Teks: Handelinge 20:7
Sing: Ps. 122:1,2; Ps. 130:1,2; Ps. 92:1; Ps. 84:1,2
SATERDAG-SABBAT WORD SONDAG-SABBAT

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: Johannes 6
Teks: Johannes 6:61-62
Sing: Ps. 146:1,2,8; Ps. 8:1,2,3,4; Ps. 47:4
HEMELVAART

Ons verwelkom vanoggend ds. Peet Smit (em van die Gerf kerk Daspoort). Ons bid hom die seën van die Here toe op die bediening van die Here se Woord en vir sy gesin en familie in die roeping en gemeente waar hulle tans is.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 16 en 17(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze
Diensbeurt (08/06) (Wyke 18 en 19)
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Dries de Ridder bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Hy is weer terug by die huis. Onder omstandighede is daar 'n klein verbetering maar hy is nog baie swak en kry baie swaar. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. Die operasie wat 22 Mei sou plaasvind is onbepaald uitgestel. Die vertroue is dat dat wel dan later gedoen sal kan word. Sr **Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in 'n gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand. Belangstellendes kan met oudl. Andries du Plessis skakel.

KLEINE MUISIES LANG STERTE

Baie keer is dit klein sakies wat tog groot steurnisse kan veroorsaak. Daar is versoek dat ons almal oproep om nie in die regkry van u kollektegeld so daarna te soek en die soektog so 'n geraas veroorsaak dat met die slotseën wat wesentlik belangrik vir die erediens is dat ander deur die geluid van geld mag voel hulle word benadeel by die voorreg om God se seën te hoor en te ontvang nie.

OOP GESPREK-

U word herinner aan ons oop-gesprek DV. op Saterdag 21 Junie 2014. Ds. Ronald Bain is genooi om by die geleent-heid op te tree. Hy sal met ons praat oor ***die plek van die man in die Kerk.***

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding
08/06/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Pro-ecclesia beursfonds Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
17/06	Finans-Advies vergd
19/06	Kerkraadsvergd
21/06	Oop gesprek– Ds. Ronald Bain-
27/06	Skole sluit

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 17

Om hierdie rede het Petrus ook nie die berg genoem nie, maar in 2 Petr 1:18 dit slegs "die heilige berg" genoem, waar hulle die stem uit die hemel gehoor het. Ons moet nie van die plek iets maak nie, maar let op die belang van wat daar gebeur het.

17:2, oor hulle – Hoewel die Dissipels deur slaap oorweldig was terwyl Jesus gebid het, was hulle by hulle volle positiewe wanneer die verheerliking plaasvind. Dit was dus nie maar `n droombeeld of visioen nie, maar die werklikheid wat hulle met hulle eie oë gesien het. Hulle sien iets van Sy goddelike heerlikheid – selfs na Sy Mensheid. So sien ons Hom deur die oë van Johannes in Openb 1:16. Dit beteken nie dat die Dissipels Hom na Sy Godheid gesien het, of dat Hy Sy mensheid vir `n oomblik opsy geskuif het nie.

17:3 – Waarom juis Moses en Elia ? Hulle was verteenwoordigend van die **Wet en die Profete** (die Ou Testament), wat in Christus vervul is. Deur Moses het God die wette en tempeldiens gegee wat Christus se werk afgeskadu het. Die profete bou daarop voort.

Hiermee verseker die HERE ons dat Jesus nie maar Elia, "of een van die profete" was, soos sommiges gedink het nie (Mat 16:14).

Dat Petrus geweet het dat dit Moses en Elia was, kon hy dalk uit hulle gesprek aflei. Ons kan egter hieruit `n blik kry op die moontlikheid dat die volmaaktes in die hemel/ koninkryk mekaar sal ken – volkome kennis sal hê.

In gesprek met Hom – In Luk 9:11 word gesê dat hulle **oor die komende lyding** van Christus in gesprek was en nie oor Sy heerlikheid nie. Eerder as sommiges wat sê dat hulle Jesus hier kom vereer het, kan Moses en Elia se verskyning gesien word (1) as bevestiging en getuienis van wat die Wet en Profete getuig het en (2) as versterking van Jesus na Sy Mensheid.

Soos die Apostels kan ons ook hier `n versekering vind van die heerlikheid wat na die dood op ons wag.

17:4, Petrus – Weer is Petrus die yweraar, wat meer met sy hart as met sy verstand redeneer (natuurlik uit liefde, hoewel misplaas met sy bedoelings).

Drie hutte maak – Hy wil diensbereidheid toon: Die dissipels sal slegs as bedienaars bly. Hy wil dat hierdie oomblikke voortduur. Is dit nie nou die geleentheid om Jesus in heerlikheid aan die volk te toon nie ? Van hier kan die Koninkryk begin word. Sy Joodse siening van die Messias se werk bly steeds dat Hy Israel fisies moes verlos en laat seëvier hier op aarde. So kan die lyding waarvan Christus gepraat het, mos voorkom word !

17:5 – *Die **wolk** dui op God se teenwoordigheid. Hy bewoon die ontoeganklike lig. Die bedekking van die wolk: God kan nie deur ons aanskou word nie. Dit word bv gesien met Christus se hemelvaart (Hand 1:9), Dan 7:13, Mark 13:26, Jes 19:1, die wolk wat die Tabenakel bedek het (Ex 40:34) en die wolk wat Israel deur die woestyn gevolg het (Num 14:14). In besonder wys Christus se wederkoms met die wolke op* oordeel. Dan kom die vryspraak vir die gelowiges en die einde van God se vyande.

**`n stem –** Petrus sê in sy tweede brief dat dit `n stem *uit die hemel* was.

My geliefde Seun – Dit is God die Vader aan die woord, daarom die openbaring dat Jesus **Sy Seun** is. Meermale is hierdie woorde oor die Christus deur die mense gehoor tydens Sy optrede op aarde, onder andere deur Johannes die Doper, toe Jesus gedoop is (Mat 3:17). Dit vorm die belydenis waarvolgens elke gelowige kan weet dat hy, wat dit glo, die saligheid beërwe (**1 Kor 12:3;** 2 Petr 1:17; 1 Joh 2:5; 2:22-24; **4:2-3**). In Joh 12:28-30 word hierdie Stem weer openbaar.

In die Ou Testament is hierdie woorde ook al profeties gehoor: In Jes 42:1 oor die Kneg van die HERE, en in Ps 2:7 ("U is My Seun").

Dit is weer `n openbaring van die Drie-Eenheid: Kommentatore verduidelik dat die God die Heilige Gees ook teenwoordig is, in die helderverligte wolk.

Luister na Hom – Nie Moses of Elia, waarvan so baie gemaak is deur die Fariseërs nie, maar **Jesus** is die Middelaar en Redder . . . van `n nuwe en beter Verbond (Hebr 8:6). In Deut 18:15 hoor ons die profesie uit Moses se mond: " `n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; **na Hom moet julle luister**."

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Jun. 1773– Wolraad Woltemade verrig op 65-jarige ouderdom sy heldedaad; *1 Jun. 1940*—JFE Celliers oorlede; *4 Jun. 1848*– Christina Pretorius (egg genl. Andries Pretorius) oorlede; *5 Jun. 1652*– Eerste blanke kind in SA gebore; *6 Jun. 1898*– Jim Fouche vroeëre staatspresident gebore; *8 Jun. 1897*– Pres Paul Kruger lê die hoeksteen van die paleis van Justisie; *8 Jun. 1926*– Emily Hobhouse oorlede; *9 Jun. 1862*– Sir Herbert Baker (argitek van o.a. Die Uniegebou gebore; *10 Jun. 1855*– J Boshof as president van die Vrystaat verkies; *10 Jun. 1840*– Dirk Postma voltooi sy studies en word beroepbaar gestel; *10 Jun. 1872*– Genl. JCG Kemp gebore; *10 Jun. 1927*– A.G. Visser onverwags op 51 jarige ouderdom oorlede ; *11 Jun. 1906*– NP van Wyk Louw gebore; *12 Jun. 1932*– Mimi Coertse gebore; *15 Jun. 1882*– Verlof gegee om Hollands as taal in skole in Kaapkolonie te leer; *12 Jun. 2003*– Skryfster AM Louw oorlede; *15 Jun. 1915*– Genl. CR de Wet aan hoogverraad skuldig bevind; *18 Jun. 1970*– NP van Wyk Louw oorlede; *20 Jun. 1879*– Ds. SJ du Toit stig die Afrikanerbond

BEROEPENUUS— 1 Junie 2014
Beroepe aanvaar
Ds. JJ de Kock van Sannieshof/Delareyville-kombinasie na Oranjerivier

GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (2) *Dr. W.H. Velema*

Dankbaarheid

By die verassings plegtigheid van Jan Wolkers (bekende Nederlandse skrywer, skilder en beeldhouer wat in 2007 oorlede is) is daar met baie nadruk een van sy uitsprake aangehaal: 'Daar is geen lewe na die dood nie. Daar is nie 'n hemel nie, en as daar een is, wil ek nie daar wees nie". Ons moet nie die invloed van uitsprake soos dié onderskat nie. Dit is dringend nodig om die boodskap van die Bybel daarteenoor te stel en aan ons jeug deur te gee.

In ons artikels staan die woord van Jesus aan die moordenaar aan die kruis sentraal: *"Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"*(Lukas 23:43). Let op die komma. Dit staan voor die woord 'vandag' en nie daarna nie, hoewel die laasgenoemde wel die opinie van sommige eksegete is. Hierdie kruiswoord is beslissend vir die oortuiging dat elkeen wat in die geloof sterwe dadelik na sy sterwe by Christus sal wees.

Daarom lees ons ook in Openbaring 14:13, "*salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe",*dus nie eers ná 'n tyd wat mense soms 'n sieleslaap noem nie. Aan die slot van Hebreërs 9:28 word gesê dat Jesus *"vir die tweede maal sonder sonde (sal) verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid"*. Paulus bring hierdie werklikheid op 'n ander manier onder woorde in Romeine 14:8: *". . . of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here"*.

Ons is in ons sterwe en dus direk na ons dood van Hom. Die hoe kan ek nie nader omskryf nie; die dat daarvan, staan op grond van die voorgaande tekste vas.

Die Ou Testament

Ek gaan nou na die Ou Testament. In Psalm 73:26 lees ons, *"Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem"*. Ons tref dieselfde vertroue van geborgenheid by God in die uur van sterwe ook in Psalm 73:26 aan: *"Al beswyk my vlees en my hart — God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid"*. Ons val dus nie by ons sterwe uit God se hand nie, maar ons bly in God se hand as ons Hom in sy genade leer ken en liefhet. Ek herinner ook aan Daniël 12:2: *"En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik*". Hier word die tweevoudige afloop van die menselewe duidelik gestel: óf ewige behoud óf ewige verderf. Psalm 17:15: *"Maar ek sal u aangesig in geregtigheid aanskou; eksal versadig word met u beeld as ek wakker word"*. Aan die ander kant van die grens wag die volle saligheid. Word vervolg

** Vandag—Hendrik Boshoff 0123230248 (0824060244)*	03/06– Izaan Potgieter 0762177819
02/06– Muriel van der Dussen 0725353466	04/06– Louw Grobler 0825699822
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

Die een dwarstrekker maak die hele span moeg, maar nie so moeg as homself nie – CJ Langenhoven